Salóme Buys-Vermeulen, wynmaker en handelsmerk-ambassadeur vir Lozärn-wyne, het vanjaar vir die tweede keer die Vrouewynmaker van die Jaar-toekenning losgeslaan.
Foto: VERSKAF

Lozärn-wyne vier 'n vrou wat woeker in dié bedryf

Met Nasionale Vrouedag om die draai, laat Lozärn heel gepas die kollig val op vrouewynmaker Salóme Buys-Vermeulen.

Sy is die wynmaker en handelsmerkambassadeur vir Lozärn-wyne in die Robertson-wynvallei. Vanaf 'n klein begin in 2014, tot 'n gesonde, groeiende besigheid in 2022, sien sy haarself meer as 'n kritiese besluitnemer en doener as net die "maker" van wyn.

"Alles begin verseker in die wingerd; die grond- en plantgesondheid is van kardinale belang. Van hier moet die proses so skoon as moontlik en met groot sorg verder geneem word in die kelder.

"Dan is daar ook die besigheidskant wat my al geleer het dat ons moet bly aanpas, weer probeer en lees wat die mark vra," gesels Salóme. Bowenal glo sy om elke dag passievol te bly glo in jou drome vir 'n spesifieke projek, is wat jou motiveer en entoesiasties laat aanhou.

Einde 2021 is Salóme as Vrouewynmaker van die Jaar aangewys by die SA Women's Wine-toekennings. Sy het ook vanjaar die Vrouewynmaker van die Jaar-toekenning losgeslaan by die Lumo-toekennings.

Sy sê dit was 'n groot verrassing, maar ook 'n bevestiging dat Lozärn-wyne op die regte pad is en 'n klein boetiekkeldertjie spogwyne die lig kan laat sien!

Met die besonderse kultivar carménère as Lozärn se fokuspunt, is daar verseker nog groot dinge wat op dié kelder wag.

Maak seker jy loer hier in met jou volgende naweekwegbreek in die Robertson-wynvallei. Vir meer inligting besoek gerus www.lozarn.co.za.